



Teken in en ontvang elke week 'n gratis **Lekkerbekkie Nuusbrief**: lekkerbekkie@annaemm.co.za

'n Fles vol ogies deur Anna Emm

Een wonderige dag sit Padda op 'n klip by die stroompie en droom. 'n Reuse groot blaar waai van 'n tak af en waai vas voor sy oë! Nou kan hy niks sien nie. "O aardetjie tog!" kwaak hy. "Daar waai die wind my ogies weg! Wat gaan ek nou maak? Sonder ogies kan ek mos nie sien waar ek gaan nie."

Padda klouter voel-voel van die klip af, en skuifel-skuifel al met die paadjie af om sy ogies te gaan soek. Langs die pad ontmoet hy vir Naaldekoker. "Is dit jy, Naaldekoker?" vra hy – nogsteeds met die blaar oor sy oë. "Ek kan jou nie sien nie, want die wind het my ogies weggewaai. Jy het dit nie dalk iewers gesien nie?"

Naaldekoker dink en dink, en dan sê sy skielik: "Weet jy wat? Ek het gister by Haas se winkel 'n hele fles vol ogies op die toonbank gesien! Dis seker al die verlore ogies wat sy daar in die fles hou. Kom ons gaan kyk of daar 'n paar is wat vir jou pas."

Padda dink dis sommer 'n baie goeie plan, en hy voel-voel en skuifel-skuifel – nogsteeds met die blaar oor sy ogies – saam met Naaldekoker na Haas se winkel toe.

Haas is nie so dom soos Padda en Naaldekoker nie. Sy sien sommer dadelik die blaar oor Padda se oë, en sy giggel tog te lekker toe hy sê die wind het sy ogies weggewaai! Op die toonbank in haar winkel staan die fles met ogies wat Naaldekoker gesien het, maar dis nie regte ogies nie! Dis lekkers wat maar net soos ogies lyk! Haas kry nou 'n plan om bietjie geld te maak. "Wat van hierdie ogies," sê sy en haal een paar van die ogie-lekkertjies uit. "Dit was my oupagrootjie haas s'n..."

"Liewer nie oupagrootjie-ogies nie," sê Padda. "Netnou sien hulle nie meer so goed nie."

"Hierdie was Muis se ogies," jok Haas en haal nog 'n paar lekkertjies uit. "'n Kat het haar gevang en geëet en net die ogies het oorgebly."

"Nee, liewe land!" sê Paddas verskrik. "Daardie ogies wil ek nie hê nie. Wat het jy nog?"

Haas haal die grootste en duurste paar ogie-lekkertjies uit die fles en sê: "Hierdie ogies is baie goed, en baie nuut. Dis nog nooit gebruik nie, maar dis baie duur."

"Ek gee nie om hoeveel dis kos nie!" roep Padda opgewonde. "Ek soek daardie nuwe ogies! Gee dit! Gee dit! Hoe sit ek dit aan?"

Haas vertel vir Padda dat hy die ogies moet insluk en gee vir hom die lekkertjies. Sy lag te lekker vir hierdie dom padda, en net toe Padda die ogie-lekkertjies insluk, ruk Haas die blaar van sy oë af.


"Dit werk! Dit werk!" roep Padda opgewonde. "Ek kan weer sien!"

En daar hop hy weg saam met Naaldekoker om vir almal van die wonderlike fles met ogies te gaan vertel. Daardie dag het Haas sommer nog baie van die ogie-lekkertjies verkoop. Want skielik wou al die diertjies 'n ekstra paar ogies kom koop - net ingeval die wind hulle ogies ook dalk weggewaai.

Vir meer van Anna Emm se kinderstories besoek www.AnnaEmm.co.za

Gratis inkleurprentjie:

'n Fles vol ogies illustrasie deur Elanie Bieldt



Vir meer van Anna Emm se kinderstories besoek www.AnnaEmm.co.za